**Van der Merwe M, 1995 — Nuwe treë saam met God, riglyne en programme oor spiritualiteit en gemeentevernuwing**

Lux Verbi: Kaapstad. 142 bladsye. Prys: R54,50

**Resensent: Prof M J du P Beukes**

Nuwe treë saam met God is die vyfde boek in die reeks *Gemeente en bediening*. Net soos die vorige vier publikasies is hierdie 'n baie goeie bydrae in die besinning oor gemeentebou en 'n goeie praktiese hulpmiddel om gemeentes te help om kerk te wees ooreenkomstig God se bedoeling.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die begrip vernuwing kom in die Prakties-Teologiese gesprek dikwels aan die orde. Enersyds word elke vorm van vernuwing sondermeer afgewys. Andersyds word vernuwe sonder enige prinsipiële uitgangspunte of teologiese diepgang. Van der Merwe in *nuwe treë* begin by die kern. Vernuwing is vir hom in die eerste plek 'n saak van die hart. Hy oordeel dat vernuwing slegs moontlik en blywend is as God self alles nuut maak. Hy begin by God — 'n lewe saam met en voor God. 'Die kern van die gemeente se bediening is om mense te help om in verhouding met die Here te leef' (bl 5). Hierdie verhouding saam met God word spriritualiteit genoem. In teenstelling met baie ander slaag die skrywer daarin om spiritualiteit teologies en Reformatories reg en dinamies te beskryf.

Die skrywer stel in hoofstuk 1 omdat God in Christus deur die Heilige gees saam met die kerk is, is dit vir kerk moontlik om saam met God op pad te wees. Hierdie saam met God, gee troos en moed vir nou en die toekoms, maar tegelyk is dit die vertrekpunt om lidmate op te roep om reg voor God te leef.

In hoofstukke 2-5 word gehandel oor die sake wat prakties uitdrukking gee aan die lewe saam met God: visie, erediens, koinonia, getuie en diens. Die visie word gesien as die droom, en die koers waarheen die gemeente wil gaan. Sonder 'n visie sê die skrywer is 'n gemeente soos 'n brief sonder 'n adres. Die erediens wat die hart van die gemeente se lewe is, vra na vernuwing. Hierdie vernuwing behoort teologiese gegrond te wees veral met die oog om God in die middelpunt te stel. Die skrywer se vormgewing van stilte in die erediens sal nie altyd in Reformatoriese kringe aanvaarbaar wees nie. Koinonia, getuie en diens is volgens die skrywer onmisbare komponente van kerkwees. Dit moet egter nie net koinonia, diens en getuie met mekaar in die gemeente wees nie. Dit moet koinonia met God, met mekaar en die mense van die wêreld wees. Die getuie en die diens moet tegelyk op die gemeente en die wêreld gerig wees. Opbou en uitbou gaan hand aan hand.

Hoofstuk 6-9 handel oor strategie, leierskap, toerusting en Bybelvaardigheid. Hierdie vier sake moet volgens die skrywer in plek wees as 'n gemeente goed wil funksioneer, en op die regte wyse saam met God op pad wil wees. Gemeentelede moet begelei word om die noodsaaklikheid van Bybelstudie in te sien en hoe om Bybelstudie te doen. Die skrywer beklemtoon nie net die *dat* en die *hoe* van Bybelstudie nie, maar gee ook self praktiese riglyne.

Die regte strategie, toerusting en leierskap is onontbeerlik vir vernuwing van 'n gemeente. soos reeds algemeen aanvaarbaar, gebruik Van der Merwe hier die gegewens vna die bestuurswetenskappe. Veral in sy hoofstuk oor leierskap slaag hy daarin om nuwe relevante gegewens op die tafel te plaas. 'n Mens sou egter graag wou sien dat hy in hierdie hoofstuk baie meer maak van Bybelse gegewens.

Die skrywer slaag daarin om ten opsigte van elke aspek 'n goeie grondige basis teorie te lê en om van daaruit verantwoorde, doelgerigte praktyk teorieë te formuleer.

Die boek is taalkundig baie goed versorg. Die ortografiese inkleding met transparant sketse maak dit maklik leesbaar en help om deurlopend 'n goeie oorsig oor die relevante sake te gee.

Met die oog op die toekoms is 'nuwe treë' 'n baie tydige en nuttige publikasie vir elke predikant, kerkraadslid en lidmaat.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services